HOSA/VOSA

Issue/uitgawe 26
Nov/Dec 2012

E-News / E-Nuus van

Hiking Organisastion of Southern Africa
Voetslaan Organisasie van Suidelike Afrika

HOSA/VOSA INDABA en Opleiding week 5 tot 12 Oktober 2012.

Tydens die naweek van 5 tot 7 Oktober 2012 het Die Voetslaan Organisaie van Suidelike Afrika – VOSA, ter viering van die vyfjarige bestaan daarvan, 'n uiters suksesvolle eerste INDABA besprekingsforum oor die voetslaan industrie, met behulp van 'n mildelike borgskap van Discovery Health, gehou, onder die logo van –

Voetslaan in Suidelike Afrika - Quo Vadis - 'n tyd vir aksie

41 aanbiedings oor alle aspekte van voetslaan/stap is deur 26 kundiges gelewer. Interessante onderwerpe was o.a.

- die 450km *Rim of Africa* roete in die Suidelike Kaap en beoogde 700km roetes om Lesotho
- roetes in die groot Metros soos Johannesburg (27)en Tshwane(Pretoria)(17)
- die noodsaaklikheid en toepaslikheid van die GFA/GVA stelsel – Groen Vlag Akkreditasie
- die rol van HOSA/VOSA vir die uitbou en onderhoud van voetslaan/stap industrie, as die breë oorkoepelende organisasie in die SAOG lande.
- die talle noodsaaklike redes hoekom *gestap moet word vir gesondheid.*
- hoe werk geskep kan word met bou en onderhou roetes, gidse op staproetes.
- bemarking en bestuur van roetes, stapleier opleiding, ens. ,ens.

4 videos is ook vertoon oor roetes en voetslaan areas. Albert Bossert , voorsitter van VOSA, het aangekondig dat daar onmiddelik voortgegaan sal word met die beplanning van hoe en op watter maniere voort gebou sal word op die voorstelle gemaak,deur 42 INDABA bywoners met die 5 hoof temas, nl. Standaarde, Bemarking, Geloofwaardigheid, Inligting, Transformasie, met voetslaan as 'n primêre toeriste sport.
VOSA het ook 9 verdienstelike meriete toekennings gedoen aan o.a. SANparke, Cape Nature, Komatiland, emeritus Prof. Leon Hugo, Sarie Mehl, Tim Hartwright, Anvie, Johannesburg Hiking Club en Discovery Health.
Die naweek is afgesluit met 'n gids-begeleide wild stap in die Rietvlei Reservaat en die plant van 100 bome by die Dam ingang. 'n Verdere INDABA sal gedurende Februarie 2013 in die Westelike Provinsie gehou word.
Na afloop van die naweek, is gedurende die week van 7 tot 12 Oktober, onder die vaandel/jurisdiksie van VOSA, die eerste ***opleidings kursus*** van roete beplanning, roete-uitleg, roetebou en 'n derde GFA opleiding, onderleiding van Leon Hugo aan 30 kursusgangers, van oor die hele RSA en 'n persoon van Uganda, aangebied.
Die kursus sal ook in die toekoms herhaal word, oor 'n tydperk van 2 weke, dalkies in die Westelike Provinsie.

NUUSBERIGGIES/NEWS ITEMS

Introducing hospitable Cape West Coast trails for everyone, from hardcore mountain lovers, twitchers and botanists to family groups and modern-day strandlopers.

These slackpacking trails, without the schlep, are guided and catered, comfortable and safe. Hikers carry a small daypack, lifts and luggage are organised and local folk and restaurants prepare meals in traditional West Coast style.
A gentle 2.5 day, 28km coast hugging hike between the fishing villages of Paternoster and Jacobsbaai.
A 2.5 day, 30km wilderness hike through the unique vegetation, deserted beaches and tranquil lagoon of the West Coast National Park
An Italian style slow-paced, mouth-watering 2.5 day, 25km trail from Yzerfontein on the coast up into the hills and through wine and olive farms to Darling.
A 2.5 day, 100km ride through time for recreational cyclists keen to experience the back-roads and beauty of the West Coast from the seat of a bicycle.
A 2.5 day, 24km downstream kayak from Hopefield to Velddrift with farm stays en route.

For more information or to book visit: www.capebiosphere.co.za/trails

Did you know?

The Lourie is a clever and cunning bird. Its red wing feathers symbolize intelligence and royalty. The King of Swaziland wears three red feathers as a crown. The red feather is also a symbol of excellence and a royal welcome that Swazis extend to their visitors.

.

Some news on Uganda' birding. A diverse collection of wildlife also accompanies the stunning landscape that the country has to offer. With over half of all the bird species found in Africa, Uganda is truly a birding Mecca. Birders can see the Fox's Weaver and an additional 23 species endemic to the Albertine rift. The record for the number of species recorded in a three week period is 665! Even within the surroundings of the capital city Kampala, birders claim that you can record nearly 300 species in a day. From the prehistoric looking shoebill to the tiny colorful kingfisher, bird watchers will truly rejoice in this birding paradise!.

They also have several hiking trails available like Ruboni Forest Walk, Rwenzori Turaco View Nature Walk, Rubuguri Village Walk, King Bakyaia's Waterfall Trail and The Butawa Trail – just to mention a few.
(Maybe we should start birding as a sport, combined with hiking!)

Walvis roete fiasko: 'n Groep van 32 stappers is onlangs met 'n lugmaghelikopter op die gewilde Walvis-staproete in die De Hoop-natuurreservaat naby Bredasdorp opgepik nadat hulle weens swaar reën vasgekeer is. Onder hulle was 'n 72-jarige stapper. 'n Stapper wat op sy eie van die Noetsie- na die Hamerkophut ge-stap het en as vermis aangegee is, is ook gered. Die 55 km lange Walvis-roete, wat oor vyf dae strek, is baie gewild onder stappers en gewoonlik maande vooruit bespreek. Die drama het ontvou nadat swaar reën die laaste paar dae in die Overberg-gebied geval het. Altesaam 12 mense het self na die koppie by Vaalkrans gestap, waar hulle deur 'n voertuig van CapeNature opgelaai is. Een van hulle het geval, maar slegs 'n ligte skraap opgedoen toe sy op die nat voetpad gegly het. Vroeër moes 12 mense by die Potberg-inligtingskantoor, waar die roete begin, omdraai. (berig verkort – uittreksel uit Die Burger)
Gelukkig het almal veilig uit gekom!

Hoe voltooi mens 'n deposito strokie? How do you complete a deposito slip?

Ek ondervind redelik baie probleme met inbetalings wanneer inligting vanaf die bankstaat verkry word. Asseblief, skryf u naam duidelik as verwysing! Dit is tog so belangrik.

I am experiencing a lot of problems figuring out who paid what, getting info from the bank statement. Please write your name on the line for reference. It is so important!



Wat wil u graag in die nuusbrief lees? What would you like to read in our newsletter?

My e-pos adres is jackdo1@vodamail.co.za indien u enige nuusberiggie wil stuur, vir plasing in ons e-nuusbrief.
Please send me your hiking story!
Jackie